NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2025

GESKIEDENIS: VRAESTEL II

BRONMATERIAALBOEKIE
VIR AFDELING B EN AFDELING C

IEB Copyright © 2025

BRON A

Hierdie uittreksel is aangepas van 'n publikasie van die *Washington Office on Africa Education Fund* getiteld *Savimbi and South Africa: No Casual Affair*. Dit is in Augustus 1987 gepubliseer.

Meer as 'n dekade lank voer Suid-Afrika 'n onverklaarde oorlog teen Angola … Die belangrikste instrument van hierdie Suid-Afrikaanse oorlog, afgesien van direkte inval, is Jonas Savimbi van UNITA … UNITA is die Suid-Afrikaans-gesteunde groep wat veg om die Angolese regering omver te werp … Die Amerikaanse regering ondersteun die oorlog teen Angola deur militêre hulp en politieke erkenning aan die UNITA-rebelle te verskaf. Volgens die Reagan-administrasie veg hulle vir vryheid wanneer hulle groepe soos UNITA in Angola steun. In werklikheid betrek dit die VSA direk by die apartheidsregering se oorlog teen die Angolese bevolking. Die Amerikaanse buitelandse beleid word bepaal deur die foutiewe persepsie* dat die konflik in suidelike Afrika 'n Koue Oorlog-stryd is. **(Paragraaf 1)**

Savimbi is baie effektief in openbare betrekkinge*. Hy hou UNITA as 'n eg Afrika-nasionale beweging voor en beweer dat die meerderheid Angolese hom steun. Deur vir Westerse gehore te sê dat die ware probleem in suider-Afrika nie Suid-Afrika is nie, maar die Sowjetunie, raak hy berekende* snare* aan om Amerika se beursie* oop te maak. Volgens hom is sy militêre bande met Suid-Afrika 'n ongelukkige noodsaaklikheid. **(Paragraaf 2)**

[Aangepas van: <https://kora.matrix.msu.edu/files/50/304/32-130-746-84-african_activist_archive-a0b5u9-a_12419.pdf> (Verkry 11 Februarie 2024)]

*persepsie – die manier waarop iets geïnterpreteer of verstaan word
*openbare betrekkinge – handhawing van 'n positiewe openbare beeld
*raak snare – ontketen 'n emosionele reaksie op iets
*berekende – doelbewus beplan om 'n bepaalde uitkoms te kry
*beursie – 'n metaforiese term wat verwys na beheer oor finansiële hulpbronne of besluite

BRON B

Hier is 'n spotprent wat in Februarie 1986 in die *Southern African Report* verskyn het. Dit is deur die Toronto-komitee vir die Bevryding van Suider-Afrika gepubliseer. Die figuur in die spotprent is Jonas Savimbi.



[Uit: <http://noeasyvictories.org/sar/sar0104.pdf> (Verkry 12 Januarie 2024)]

IEB Copyright © 2025

BRON C

Hier is 'n uittreksel uit 'n aanlyn artikel deur Ben Rosie wat in 2020 vir 'n webwerf vir internasionale betrekkinge gepubliseer is. Dit is getiteld *The Angolan Civil War: Conflict Economics or the Divine Right of Kings?* Dit bespreek die rol van natuurlike hulpbronne in die burgeroorlog.

… natuurlike hulpbronne het 'n baie belangrike rol gespeel in die voortsetting van die Angolese Burgeroorlog, wat albei partye in staat gestel het om 'n vernietigende oorlogspoging te finansier en guns te koop* by die wêreld se voorste moondhede. Dit is … minder waarskynlik dat die internasionale gemeenskap so betrokke sou geraak het as dit nie was vir die strategiese geleentheid wat Angola verteenwoordig het binne die politieke konteks van die Koue Oorlog nie. Ideologies, minstens op die oog af, is internasionale bystand volgens Koue Oorlog-riglyne verskaf, wat verseker het dat die konflik eskaleer en waarskynlik kunsmatig volgehou is, terwyl dit sowel die USSR as die VSA die geleentheid gebied het om mekaar bloedneus te slaan* en hul wêreldwye uitbreiding te ontwrig. **(Paragraaf 1)**

Natuurlike hulpbronne bly so 'n vername verklarende faktor vanweë hul deurlopende belangrikheid deur elke stadium van die konflik. Sonder Angola se natuurlike rykdom sou die konflik nie voortgeduur het soos dit het nie. Dit het baie van die vyandelikhede gefinansier, maar het ook verbindings gemaak tussen, en die platform verskaf vir, ander faktore, wat 'n meer genuanseerde* verduideliking van die voortsetting* van konflik moontlik maak. **(Paragraaf 2)**

[Uit: <https://www.e-ir.info/2020/12/02/the-angolan-civil-war-conflict-economics-or-the-divine-right-of-kings/#google_vignette (Verkry 20 Januarie 2024)>]

*koop guns – verkry steun of goedkeuring vir iets
*bloedneus te slaan – om iemand te verslaan of skade aan te doen, dikwels op 'n konfronterende of aggressiewe manier
*genuanseerde – nie eenvoudig nie, het baie komplekse eienskappe
*voortsetting – om met 'n situasie aan te hou

BRON D

Hier is 'n uittreksel uit 'n artikel wat in Desember 1975 in die *New York Times* verskyn het. Dit is getiteld *South African role in Angola grows*.

Eerste Minister John Vorster sê met die Sowjetunie wat een van die drie bevrydingsbewegings in Angola bystaan, kan die yslike voormalige Portugese grondgebied 'n groot krisis vir Suid-Afrika word, tensy Westerse magte bereid is om te help om dit vinnig te ontlont*. **(Paragraaf 1)**

Suid-Afrika voorsien militêre adviseurs en wapens aan anti-kommunistiese magte in Angola, wat ook Amerikaanse hulp kry. Die amptelike verklarings, sowel as gesaghebbende lekkasies, is duidelik daarop gemik om die Westerse wêreld, veral die Verenigde State, te probeer oorreed om die Sowjetunie te dwing om terug te staan. **(Paragraaf 2)**

Die Suid-Afrikaanse Minister van Verdediging … wat vandeesweek op 'n nuuskonferensie beklemtoon het dat Suid-Afrika toegewy is aan enige optrede om Kommunisme uit Afrika te hou, het gemeen dat dit 'n gesamentlike* Westerse optrede behoort te wees. **(Paragraaf 3)**

Om die wydverspreide gevoel van frustrasie hier oor die Angolese situasie op te som, het 'n hoofartikel in *The Johannesburg Star* … gesê: "Die Weste sleep voete* terwyl Angola brand, en die vlamme kan deur Suider-Afrika versprei." **(Paragraaf 4)**

[Uit: <https://www.nytimes.com/1975/12/03/archives/south-africa-role-in-angola-grows-involvement-in-civil-war-is-made.html> (Verkry 20 Januarie 2024)]

*ontlont – maak 'n moeilike situasie kalmer deur die oorsaak te verminder of te verwyder
*gesamentlike – saamwerk om 'n gemeenskaplike doel te bereik
*sleep voete – om tyd te spandeer om niks te doen nie

IEB Copyright © 2025

BRON E

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n boek deur Tony Hodges wat in 2001 gepubliseer is. Dit is getiteld *Angola from Afro-Stalinism to Petro-Diamond Capitalism* en bekyk Angola se geskiedenis oor 'n aantal dekades.

Die belangrikste oorsaaklike faktore was die aard van Portugese kolonialisme, veral die mislukking daarvan om vir 'n stabiele oorgang na onafhanklikheid voor te berei, en die ontwikkeling van opponerende nasionale groepe, elk met verskillende etnies-streeksgebonde hartlande*, eksterne ondersteuners* en leierskappe wat vasbeslote was om absolute mag te verkry, ten koste van hul teenstanders … **(Paragraaf 1)**

Selfs tydens die oorlog met Portugal was die leierskap van die drie grootste Angolese bewegings nie in staat om 'n verenigde front te toon nie, en het hulle soms teen mekaar geveg ... Toe die oorgang na onafhanklikheid begin het, ... het die nasionale bewegings vinnig bewys dat hulle nie in staat was om saam te werk nie. In plaas daarvan het hulle 'n desperate wedloop aangepak om oppergesag voor die geskeduleerde datum vir onafhanklikheid te behaal … Hierdie konflik is vererger* deur eksterne ingryping … gedryf deur geo-politieke* wedywering van die Koue Oorlog en deur Suid-Afrika se vasberadenheid om Angola se vermoë om nasionaliste in Suid-Afrika-beheerde Namibië te verswak. **(Paragraaf 2)**

[Aangepas van: Hodges, T. (2001). *Angola: From Afro-Stalinism to Petro-Diamond Capitalism*. Oxford: James Currey; and Bloomington, IN: Indiana University Press]

*etnies-streeksgebonde hartlande – 'n vesting van ondersteuning vir 'n bepaalde etniese groep binne die land
*ondersteuners – 'n land wat finansiële en/of politieke ondersteuning aan iets verleen
*vererger – maak 'n probleem of situasie slegter
*geo-politieke – sake wat verband hou met politiek wat deur geografie geraak word, skeiding tussen Oos en Wes in Koue Oorlog-konteks

BRON F

Hier is 'n uittreksel uit *South African History Online*. Dit verskaf 'n kort geskiedenis van die Angolese Burgeroorlog.

'n Opvallende* rede vir die voortsetting van burgeroorlog na onafhanklikheid was die gevolg van die huiwering* van die dominante bevrydingsbewegings om mag binne 'n multi-etniese samelewing te deel ... Die MPLA het 'n enkele verenigde front van alle anti-koloniale Angolese magte oproep gemaak, dog, sy gewilde aantrekkingskrag was hoofsaaklik beperk tot die Mbundu – Angola se tweede grootste etniese groep … Die MPLA se nasionale dryfkrag het nie byval gevind by die Bakongo-mense nie, wat die militante regse FNLA-leier, Holden Roberto, gesteun het … Die stigting van UNITA in 1966 het die grootste steunbasis gelok; die Ovimbundu etniese groep … **(Paragraaf 1)**

Alhoewel 'n magsdelingooreenkoms aangegaan is nadat onafhanklikheid verseker is, het magstryde byna onmiddellik ontstaan namate die ooreenkoms in duie gestort het. Dit is geïntensiveer* deur die onttrekking van die Portugese in 1975; die Portugese leërs het geweier om vrede af te dwing of toesig oor verkiesings te hou, en versuim om die mag aan enige party te oorhandig. Hulle het Angola verlaat en die land en sy toekoms aan sy eie lot oorgelaat. Dit was hier waar die gemeenskaplike anti-koloniale doelwit laat vaar is, en die drie dominante bevrydingsbewegings het 'n bestendige stryd om mag begin. Op 1 Augustus 1975 het UNITA formeel oorlog teen die MPLA verklaar. **(Paragraaf 2)**

[Uit: <https://www.sahistory.org.za/article/angolan-civil-war-1975-2002-brief-history> (Verkry 20 Januarie 2024)]

*opvallend – belangrik
*huiwering – 'n onwilligheid om iets te doen of aksie te neem
*vererger – erger of ernstiger gemaak

IEB Copyright © 2025

BRON G

Hierdie foto toon Kubaanse soldate met 'n plakkaat van Fidel Castro en MPLA-ondersteuners met 'n plakkaat van Agostinho Neto. Die seremonie het op 9 Januarie 1989 by die Kubaanse oefenkamp van Punda, naby Luanda, Angola plaasgevind.



[Uit: <https://jacobin.com/2022/05/cuba-castro-angola-namibia-us-soviet-union> (Verkry 12 Januarie 2024)]

BRON H

Hier is 'n uittreksel uit 'n artikel wat die internasionale betrekkinge joernalis Adam Taylor in 2015 vir die *Washington Post* geskryf het. Dit is getiteld *A 27-year Civil War for no reason at all*. Dit lewer kommentaar op 'n studie van Justin Pierce wat die Angolese Burgeroorlog ondersoek het.

Die Angolese Burgeroorlog mag dalk deur die res van die wêreld as 'n Koue Oorlog-volmagoorlog beskou gewees het, maar Pearce se studie vind dat min gewone Angolese gepla was oor daardie ideologiese verskille. Baie van diegene met wie onderhoude gevoer is, het gesê dat hulle bloot die gesag aanvaar van watter militêre mag ook al die grondgebied beheer waarop hulle op daardie stadium gewoon het. Namate die oorlog gevorder het, het die mededingende groepe begin werk skep en dienste verskaf aan die burgerlikes wat onder hul beheer was, wat op hul beurt lojaal aan die groep geword het vir die positiewe uitwerking wat dit moontlik op hul lewe kon hê. (**Paragraaf 1**)

Pearce skryf dat die oorlog uiteindelik 'n "nulsom-spel*" geword het, met elke kant wat gepoog het om die ander se vermoë om vir sy ondersteuners te voorsien, te vernietig. "Die MPLA het die oorlog deur militêre mag gewen," skryf Pearce. "Maar die einde van die oorlog was die kulminasie* van 'n proses waardeur wapenkrag, bloedvergieting en hongersnood gebruik is om alle denkbare moontlikhede te transformeer." (**Paragraaf 2**)

[Aangepas van: <https://www.washingtonpost.com/news/worldviews/wp/2015/10/14/a-27-year-civil-war-for-no-reason-at-all/> (Verkry 20 Januarie 2024)]

*nulsom-spel – 'n situasie waar een groep slegs iets kan wen deur 'n ander groep dit te laat verloor
*kulminasie – die hoogste punt van iets, bereik na 'n lang tyd

IEB Copyright © 2025